

omgewing en word in alle kleure en groottes veral op die suidelike hange waar proteas groei, en naby waterstroompies en -poele aangetref, waar hulle 'n wye verskeidenheid van plante bestuif. Daar is ook op die staproete deur die berg by Thabela Thabeng 'n drif met die gepaste naam Skoenlappersdrif, wat 'n gesogte habitat vir 'n wye verskeidenheid skoenlappers is. Die meeste kos, in die vorm van plantmateriaal, word gedurende hulle rusperstadium verorber, terwyl nektar of vloeistof gedurende die volwasse stadium benodig word as energiebron om rond te vlieg. Hierdie wurms speel 'n belangrike rol in die voedselketting. Hulle omskep plantmateriaal in proteïen (die rusper self), wat dan as voedsel vir ander diere en voëls dien. Die mees algemene spesie in die Koepel is die swart-en-geel skoenlapper (*Eurema brigitta*), wat vloeistof uit dieremis suig en gevolglik veral op mishope in die paadjies waar die beeste en wildediere loop, voorkom. Die koolwitjie (*Pieris brassicae*), wat ook algemeen in die Koepel voorkom, trek gewoonlik in swerms in die middel van die somer. Hulle is 'n pes op die blare van kool en lusern in die rusper-stadium, maar dien ook 'n goeie doel in die volwasse stadium wanneer hulle nektar suig en die blomme sodoende bestuif.<sup>219</sup>

Sprinkane kom algemeen in hierdie omgewing voor en rig soms groot skade aan gewasse aan wanneer hulle op trek gaan en dan alle plante wat voorkom, verorber. Die rooibaadjie (*Nomadacris septemfasciata*) is die vernietiger van oeste, maar is ook tradisioneel 'n bron van voedsel onder die inheemse bevolkingsgroepe.<sup>220</sup> Onder normale omstandighede kom hierdie sprinkane geïsoleerd voor, maar wanneer toestande vir hulle gunstig word, vorm hulle swerms wat die afmetings van 'n plaag aanneem. Teen die einde van 1851,<sup>221</sup> in die laat-19<sup>de</sup> eeu (1892) en aan die begin van die 20<sup>ste</sup> eeu het sprinkaanplae die Vrystaat-omgewing periodiek getref en moes die regering telkens help om die plaag te bestry.<sup>222</sup> Ná die winter of 'n tydperk van droogte het die sprinkane gewoonlik in swerms toegeslaan. Gevolglik het elke distrik 'n Sprinkaanbeampte

---

<sup>219</sup> E. Holm, E. de Meillon e.a., *Insekte*, p. 39.

<sup>220</sup> E. Holm, E. de Meillon e.a., *Insekte*, p. 15. "Inheemse bevolkingsgroepe" is 'n term wat gebruik word om te verwys na die Khoikhoi, San en Bantoe-sprekendes, by name die Nguni (Swazi-, Zulu-, Ndebele- en Xhosa-sprekendes), die Sotho (Suid-Sotho-, Noord-Sotho- en die Wes-Sotho-sprekendes), die Venda, die Tsonga (Tsonga- en Shangaan-sprekendes) en die Herero-Ovambo.

<sup>221</sup> J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 239.

<sup>222</sup> J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 36(1973), p. 109.

gehad en handpompe met gif is aan die boere verskaf om die sprinkane in die voetgangerstadium te bespuit.<sup>223</sup> Die staat het byvoorbeeld in Junie 1906 inligting gesoek aangaande die vernietiging van die sprinkane in die voetgangerstadium by die sekretaris van die Potchefstroomse "Vaal River Farmers Association",<sup>224</sup> en die gegewens selfs in November 1907 in 'n verslag gepubliseer. Volgens hierdie verslag is die sprinkaanplaag uiteengesit met betrekking tot die hoeveelhede wat deur onderskeidelik die boere en sprinkaanbeamptes gedood is, asook voorstelle aangaande die sprinkaanveldtog, algemene administrasie, metodes van uitroeiing, wetgewing en die houding van beide die boere en die inheemse bevolkingsgroepe ten opsigte van uitroeiing, asook aantekeninge aangaande die natuurlike vyande van die sprinkaan.<sup>225</sup>

Die heuningby (*Apis mellifera scutellata*) en die Kaapse by (*Apis mellifera capensis*), wat veral in die rotsskeure en teen die berghange nes maak, kom ook in die Koepel voor. Die bye is nog nie besig om hier uit te sterf nie, hoewel hulle deesdae baie meer natuurlike uitdagings moet trotseer. Daar is soveel minder weiveld en weiding vir die bye as vroeër.<sup>226</sup> Hoewel ons maklik glo dat die vernaamste nut van die heuningby heuning is, is hulle ook die bestuier van gekweekte gewasse en blomme in die natuur. Sonder die hulp van bye kan bestuiwing nie plaasvind nie, en sonder bestuiwing sal die hele ekologie ineenstort. Die bye gaan elke dag uit om nektar, stuifmeel en water te versamel. In die proses waar die by van blom tot blom vlieg, versamel hy die stuifmeel in stuifmeel-"mandjies" aan sy agterpote, en soos hy van die een plant na die ander beweeg, word die stuifmeel versprei en die plante bestuif. Verder produseer bye heuning in verskillende geure, soos byvoorbeeld sitrus-, wag-'n-bietjie-, aalwyn- (effens bitter), bloekom- en fynbosheuning, omdat elke plant oor sy eie unieke nektar beskik. Dienooreenkomstig is byeboere heeljaar besig. In Januarie is dit gewoonlik tyd vir sonneblom-bestuiwing en dan huur die sonneblomboere bye om hul sonneblomme te bestuif. Teen Junie, wanneer die kransaalwyn (*Aloe arborescens* var. *davyana*) blom, plaas byeboere weer hul korwe in gebiede waar baie van hierdie aalwyne groei. Dan produseer hulle hoofsaaklik aalwynheuning. Begin September word die bye gewoonlik na die lemoenboere geskuif, sodat hulle die lemoenboorde kan bestuif.

---

<sup>223</sup> GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

<sup>224</sup> SAB, CEN, 58 [EE3514] "Vaal River Farmers Association via Potchefstroom" 1906.06.14.

<sup>225</sup> SAB, CEN, 58 [EE3571] "Locust Officer Brakspruit" 1907.11.21.

<sup>226</sup> GPA, MO2, O. Basson (76), Parys 2011.05.14.

Histories beskou, was wilde heuning nie net deel van die San se dieet nie, maar is dit sedert die vroegste tye ook omvangryk as 'n soetmaakmiddel gebruik. Gedurende die trekjare is wilde heuning as 'n erkende handelsartikel van die inboorlingstamme geruil.<sup>227</sup> Dit het in die pioniershuishouding meestal die plek van suiker ingeneem.<sup>228</sup> Heuning bestaan hoofsaaklik uit 'n suikermengsel waarvan die hoofelemente fruktose, glukose, sukrose, water en ander elemente soos kalsium, yster, natrium, kalium, magnesium, fosfor, mangaan en swael is, en wat tot voordeel vir die mens se gesondheid strek.<sup>229</sup> Nog 'n produk van die heuningby is propolis, 'n harsagtige stof wat bye van die blomknoppe en groeipunte van plante versamel om hul korf waterdig, steriel en vry van infeksies te hou. Derhalwe word daar beweer dat propolis immuniteit by mense versterk en ook oor antimikrobiese agente beskik, wat 'n natuurlike antiseptiese middel is.<sup>230</sup> Verder laat sitoplasmiese chemikalieë wat virusse, bakterieë en swamme vernietig, swelsel sak en herstel dit weefsel en wonde wat met heuning bedek word. Heuninghandjie se storie dui verder daarop dat heuning vroeër vir sy genesende waarde in die Koepelarea gebruik is. 'n Water-en-heuningmengsel is ook vir die behandeling van maagpyn, maagsere, dehidrasie, diarree en braking gebruik. Heuningkoeke, strukture wat uit seshoekige selle saamgestel is, dien as die kamers waar die klein bytjies gevoed word, en ook as spense vir heuning en stuifmeel. Uit hierdie koeke word byewas (die by se wasklief-afskeiding) getap, wat deur die vorige geslagte mense as smeer- en poetsmiddel gebruik is.<sup>231</sup>

Termietheuwels (bekend as "miershope" in die volksmond) wat uit grond en speeksel opgebou is, is plek-plek in die Koepelgebied sigbaar. Op plekke waar die mens die natuurlike ewewig deur die afkap van bosse versteur het, is die termiete gedwing om hulle natuurlike verblyfplekke te verlaat en die houtwerk van mensgemaakte boustrukture en gebruiksvorwerpe te vreet ten einde kos en 'n blyplek te bekom. Die skade wat jaarliks op dié wyse deur termiete veroorsaak word, kos nie net baie geld nie, maar skep ook 'n bewaringsprobleem.<sup>232</sup> Sommige

---

<sup>227</sup> G.S. Preller, *Baanbrekers: 'n hoofstuk uit die voorgeskiedenis van Transvaal*, p. 9.

<sup>228</sup> G.S. Preller, *Baanbrekers: 'n hoofstuk uit die voorgeskiedenis van Transvaal*, p. 9.

<sup>229</sup> Anon., *World healthy foods: Honey* [Website: <http://www.whfoods.com/genpage.php>] [Accessed: 2011.07.19].

<sup>230</sup> Anon., *World healthy foods: Honey* [Website: <http://www.whfoods.com/genpage.php>] [Accessed: 2011.07.19].

<sup>231</sup> GPA, MO2, T.T. Cloete (86), Potchefstroom 2010.10.28.

<sup>232</sup> GPA, MO2, I.J. Potgieter (54), Krugerskraal 2011.03.16; GPA, MO2, Z. Shahim (73), Linthof Lodge 2010.07.25.

ou strukture in die Koepel se houtwerk, soos die houtvloere van Totius se huis op Krugerskraal, is reeds op hierdie wyse beskadig. Die termiete hou gevolglik 'n potensiële bedreiging vir die bewaring van die ou strukture in.<sup>233</sup> Die pioniershuise (1840-1900)<sup>234</sup> se vloere was gewoonlik van miershope gemaak, wat natgemaak en vasgestamp is, om 'n harde oppervlakte te verkry.<sup>235</sup>

Paddaspesies is wêreldwyd aan die afneem; verskeie spesies het reeds uitgesterf en ander word bedreig. Die hooforsaak vir hierdie afname is die vernietiging van hulle habitats, soos byvoorbeeld die drooglegging van vleilande, afkap van woude en waterbesoedeling.<sup>236</sup> Die bewusmakingsveldtogte van die afgelope dekade rondom die bewaring van vleilande, het die belangstelling in vleilande, asook amfibieë en reptiele egter aangewakker. Die teenwoordigheid of afwesigheid van paddas is juis 'n nuttige aanduiding van die fisiese toestand van 'n spesifieke habitat. Paddas floreer in areas in en om vlak water, soos vleilandhabitats en riviere met plantegroei wat genoegsame skuiling bied. As deel van die voedselketting, is hulle die prooi van talle roofdiere, meerkatte, muishonde, uile en selfs slange. Daar is oor die 125 spesies amfibieë in Suid-Afrika, waarvan ongeveer 17 spesies in hierdie Wêrelderfenisgebied voorkom.<sup>237</sup> Sommige spesies word in beide die savanna-bosveld- en die grasveld-biome in die Koepel-omgewing aangetref, soos die Natalse sandpadda (*Tomopterna natalensis*), trillersandpadda (*Tomopterna cryptotis*), gorrelskurwepadda (*Amietophrynus gutturalis*), Power se skurwepadda (*Amietophrynus poweri*), grootbrulpadda (*Pyxicephalus adspersus*) wat die grootste padda in Suider-Afrika is,<sup>238</sup> gewone platanna (*Xenopus laevis*) wat 'n akwatiese padda is, rooiskurwepadda (*Schismaderma carens*), gewone blikslanertjie (*Cacosternum boettgeri*) en

---

<sup>233</sup> Termietneste behoort oopgegrawe en die koningin vernietig te word om verdere skade aan ou strukture te voorkom.

<sup>234</sup> Behalwe enkele klipstrukture, is die meeste vroeë pioniershuise wat gedurende die fase van permanente vestiging (ca. 1840's) opgerig is, beskadig tydens die uitvoer van die verskroeiende-aardebeleid teen die einde van die Anglo-Boereoorlog [hierdie oorlog staan ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog, Tweede Vryheidsoorlog, die Tweede Boereoorlog of die Driejarige oorlog 1899-1902]. Die burgers van die twee onafhanklike Boererepublieke (die Z.A.R. en die republiek van die O.V.S.) het die wapen opgeneem, om hul grondgebied te beskerm teen oorname deur die Britse Ryk.

<sup>235</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 91.

<sup>236</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, p. 11.

<sup>237</sup> W. Conradie et al., *Field guide to the frogs and toads of the Vredefort Dome world heritage site*, p. 5.

<sup>238</sup> L. Meyer, "Sowaar as padda manel dra" in *Impak*, 2, Febr./Mrt. 2010, p. 16.

borrelvleipadda (*Kassina senegalensis*).<sup>239</sup> Verder huisves die semi-permanente waterstrome en plaasdamme in die grasveld-biome eerder die Kaapse rivierpadda (*Amietia fuscigula*), lawaaipadda (*Amietophrynus rangeri*), snorkmodderpadda (*Phrynobatrachus natalensis*), gestreepte langtoonpadda (*Strongylopus fasciatus*) en die gewone rivierpadda (*Amietia angolensis*) wat gewoonlik langs riviere en klein stroompies voorkom.<sup>240</sup> Laasgenoemde spesie word ook in die inheemse woud en rivierbos gevind, en die bosveldreënpadda (*Breviceps adspersus*) wat op droë grond broei, verkies eerder die oop areas in die savanna-gebied.<sup>241</sup> Die suidelike dwerg-skurwepadda (*Poyntonophrynus vertebralis*), wat 'n klipperige habitat soos rotspoele verkies, kom hierteenoor meestal in die warm rotsagtige riuwe, die tydelike panne en reënpoeletjies van die grasveldbiom voor, en die ratelpadda (*Semnodactylus wealii*) hoofsaaklik in die grasveldbiom se moerasse, vleie en bergmoerasse.<sup>242</sup> Paddas word algemeen in tradisionele kos en medisyne gebruik, soos die brulpaddaspesie se agterpote en webbe tussen die tone wat gebraai en geëet word.<sup>243</sup> Daarby word verkoolde paddas, gemeng met kruidagtige plante, weer deur die inheemse bevolkingsgroepe vir die behandeling van asma en kroniese edeem, en paddavel vir die behandeling van onreëlmatige hartklop gebruik.<sup>244</sup>

In suidelike Afrika is daar ongeveer 170 slangspesies en subspecies, waarvan 35 volop in die Vredefortkoepel aangetref word.<sup>245</sup> In teenstelling met voëls, wat baie volop en besonder sigbaar is, kruip slange weg en probeer hulle om mense en ander bedreigings te vermy, maar as 'n mens op die slang (wat meestal gekamoefleer is) trap, sal hy uit selfverdediging pik. Slange speel 'n belangrike rol in die beheer van peste soos rotte en muise, en behoort derhalwe as die vriend van die boer gesien te word. Voorts is slange voedsel vir ander roofdiere soos uile, meerkatte en muishonde. Die volgende giftige spesies kom in die Wêrelderfenisgebied voor: die boomslang (*Dispholidus typus*), wipneus-kobra (*Naja annulifera*), ook bekend as die Egiptiese kobra, Mosambiekse spoegkobra

---

<sup>239</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, pp. 25-27.

<sup>240</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, pp. 35-36, 38.

<sup>241</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, pp. 41, 33.

<sup>242</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, pp. 36, 53.

<sup>243</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, p. 32.

<sup>244</sup> V. Carruthers & L. du Preez, *Paddas en paddajolyt*, p. 32.

<sup>245</sup> L. Meyer, "Reptiele met reputasie" in *Impak*, 3, 2010, p. 15.

(*Naja mossambica*) en die pofadder (*Bitis arietans*).<sup>246</sup> Skadelose slange soos die Suid-Afrikaanse luislang (*Python natalensis*) en die groenwaterslang (*Philothamnus hoplogaster*) kom wel in die gebied voor.<sup>247</sup>

Daar is twee skaars reptielspesies wat in hierdie area voorkom: die veldlikkewaan (*Varanus exanthematicus*) en die bergskilpad (*Geochelone pardalis*). Die veldlikkewaan sien 'n mens bedags waar hulle lê en bak langs die Koepelpaaie en op rotse; as hulle gesteur word, duik hulle in die naaste bos of klim hulle selfs in 'n boom. Hulle leef van klein werweldiere en insekte. Verder kom een van Suid-Afrika se 11 landlewende skilpads spesies, die bergskilpad (*Geochelone pardalis*) wat die grootste van ons skilpads spesies is, in die Koepelberglandgebied voor.<sup>248</sup> Hulle is planteters wat gras, kruide en vruggies vreet.



Figuur 9: Die Van Rensburgs se vierjarige dogter (1964) by 'n vis<sup>249</sup>

<sup>246</sup> L. Meyer, "Reptiele met reputasie" in *Impak*, 3, 2010, p. 15.

<sup>247</sup> L. Meyer, "Reptiele met reputasie" in *Impak*, 3, 2010, p. 15.

<sup>248</sup> GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), *Tijgerfontein* 2011.03.19.

<sup>249</sup> Foto: S.L. Jansen van Rensburg-fotoversameling.



Figuur 10: Louwtjie Jansen van Rensburg as jong visserman 27 Julie 1951<sup>250</sup>

In die Vaalrivier se lou waters "waar die visse uit weg verdwyn ..." <sup>251</sup> kom daar inheemse varswater-visspesies, onder meer twee spesies geelvis: die grootbekgeelvis (*Labeobarbus kimberleyensis*), en die kleinbekgeelvis (*Labeobarbus aenus*)<sup>252</sup> voor. Die kleinbekgeelvis is inheems in suidelike Afrika en endemies aan die Oranje-Vaal-sisteem. Hierdie spesie verkies riviere met groot seisoenale watervlak-wisselings (vloede in die somer en lae vlakke in die winter), en 'n habitat wat bestaan uit poele, stroomversnellings, helder vinnigvloeiende

---

<sup>250</sup> Foto: S.L. Jansen van Rensburg-fotoversameling.

<sup>251</sup> Totius se woorde in sy gedig "Vaalrivier" uit Donker Afrika in T.T. Cloete (red.), *Die wêreld is ons woning nie: 'n studie van die poësie van Totius met tekste*, p. 197.

<sup>252</sup> J.M. van den Berg, "Ou Geelbek! ... of is jy 'n Kleinbek?" in *Impak*, 3, 2010, p. 17.

water met 'n sand- of gruis-substraat.<sup>253</sup> Visvang en -verwerking is vir beide toeriste en Koepelbewoners 'n alledaagse aktiwiteit (*Figuur 9 & Figuur 10*) langs die Vaalrivier; gevolglik is daar baie visvangstories. Louwtjie Jansen van Rensburg het eenmaal as kind saam met 'n plaaswerker gaan visvang. Hy het in die rivier beland en amper verdrink, maar gelukkig het die werker hom uitgehaal. So het hy van kleins af geleer om die Vaalrivier met respek te benader.

Vis, wat nog altyd in oorvloed was, is een van die oudste voedselbronne in dié streek. Visse is op verskillende maniere, met nette, lyn en hoek, hoepels, spiese, of 'n pyl en boog gevang, en selfs met 'n .303-geweer geskiet - gewoonlik net een op 'n slag, wat dan ook gaargemaak is om te eet.<sup>254</sup> Wanneer dit baie gereën en die Vaalriviervlak met ongeveer 'n meter gestyg het (gewoonlik in Oktober en November), was daar baie moddervis (*Labeo capensis*) en babers (*Barbus cyprinidae*) tussen die klippe.<sup>255</sup> Sommige van die inwoners het sakke vol vis gevang, wat hulle met hoepels gekap en dan erde-emmers vol kerrievis (sien resep hieronder) ingelê het.<sup>256</sup> Geelvis is met behulp van spanlyne, met krappe, sprinkane, skaap-derm of pap aan die hoek, gevang.<sup>257</sup> Die plaaswerkers het eerder die babers gevang, omdat dié gewoonlik groter was (tot 20 kg) en minder grate gehad het. Hulle het die vel met 'n tang afgetrek, in reepe (soos biltong) gesny, goed gesout en dan in die son aan 'n wasgoedlyn of heiningdraad gedroog.<sup>258</sup> By tye wanneer die babers volop was, is daar ook seepotte vol kerrievis gekook en selfs vir die hoenders gegee om te vreet (kos is nooit vermors nie).<sup>259</sup> S.G. Jansen van Rensburg (tannie San) se kerrievisresep kom uit S.J.A. de Villiers se resepteboek *Kook en Geniet*.

#### **KERRIEVIS (INGELEGDE VIS)**

1,6 kg (3½ pd) geelbek, kabeljou	125 mℓ (½ k) suiker
Koningklipvis of enige droë wit vis	30 mℓ (2½ e) kerriepoeier
4 middelmatige uie	12,5 mℓ (1 e) borrie
750 mℓ (3k asyn)	2,5 mℓ (½ t) rooipeper, indien verkies

<sup>253</sup> J.M. van den Berg, "Ou Geelbek! ... of is jy 'n Kleinbek?" in *Impak*, 3, 2010, p. 17.

<sup>254</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 48.

<sup>255</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 47.

<sup>256</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", pp. 47-48.

<sup>257</sup> 'n Spanlyn is 'n vislyn waar daar elke 2 m 'n lyn met 'n hoek aan, vasgemaak word, sodat meer as een vis gelyktydig gevang kan word; S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", pp. 47-48.

<sup>258</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 47.

<sup>259</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 47.